# SA WILD & JAG / GAME & HUNT

Vol 5/12 DESEMBER / DECEMBER 1999 R11,00 BTW-ING VAT-INC

Namibia N$ 12,70 (Incl.Sales Tax & Duty) Other Southern African Countries R11,55 Exl Tax




Die rietbok

BUSHCRAFT

EWT

Noorsveld

Herlaai

Auction prices

Wildplaasbestuur

Bowhunting

Ruskampbeplanning


12

9 771025 422016

# SA WILD & JAG

SA WILD & JAG is 'n onafhanklike maandelikse publikasie vir almal wat glo aan die winsgewende volhoubare benutting van die RSA se wild-en natuurbates, op 'n geordende wyse, tot voordeel van die land en al sy mense.

Hoewel SA WILD & JAG beskikbaar is as mondstuk van die georganiseerde wildboerderybedryf en die georganiseerde jagtersbedryf, is dit redaksioneel en finansieel onafhanklik.

Alle kopiereg van die inhoud word voorbehou. Geen deel mag op enige wyse gereproduseer word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Kort uittreksels (maksimum 60 woorde) mag sonder toestemming gebruik word, mits volledige erkenning aan die skrywer en die publikasienaam en -datum gegee word.

Die redakteur behou die reg voor om artikels te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen verantwoordelikheid vir die inhoud van advertensies nie. Die mening van medewerkers is nie noodwendig die mening van die blad nie.

**REDAKSIONEEL**
**Hoofredakteur en Uitgewer** Jan van der Walt
**Redakteur** Rean Steenkamp
**Mederedakteurs** Prof Wouter van Hoven, Dr Hym Ebedes, André van Dyk

**PRODUKSIE**
**DTP Uitleg** Pictographix
**Grafiese kuns** Repro Wing
**Produksie** Mandi Repro
**Drukker** Promedia

**ADVERTENSIES**
**Pretoria** Jan van der Walt
Tel: (012) 320 0691/5
Faks: (012) 320 5561
e-pos: janlouis@wildlifehunt.co.za
**Kaapstad** Lesley MacKay
Tel: 021-4622370
Sel: 082 8917319
Faks: (021) 465 0065
e-pos: lesleym@iafrica.com
Gardenialaan 1, Duiwelspiek, 8001.

**INSKRYWINGS**
Petro Nieman
Tel: (012) 320 0691
Faks: (012) 320 5561

**VERSPREIDING**
Willie Bruwer
Republikeinse Nuusagentskap
Posbus 15812
Doornfontein 2028
Tel: (011) 776 9111
Faks: (011) 404 1451

**UITGEWER**
JLO UITGEWERS
vir Jan Louis Ondernemings BK
(CK/92/19549/23)
Posbus 4722 Pretoria 0001
12de Vloer 1220, SALU-gebou
h/v Andries- en Schoemanstrate
Pretoria 0002
Tel: (012)320 0691/5
Faks (012)320 5561
e-pos: janlouis@wildlifehunt.co.za

# INHOUD/CONTENTS

WILD/GAME
Die rietbok 6




KOMMENTAAR/COMMENT 9

BEMARKING/MARKETING
Wildveilingspryse 11

BUSHCRAFT 13

PRODUKSIE/PRODUCTION
Noorsveld 16



Infrastruktuur van 'n wildplaas 20
Ruskampbeplanning 23

ENDANGERED WILDLIFE TRUST 19

JAG/HUNTING
Tuning your bow – Part 1: Preliminary bow set up 24
Herlaai – die koeël 29
SA vrou skiet 'n rekord olifantkoei 33



RESENSIESREVIEWS
Rhino – at the brink of extinction 23
From Aardvark to Zebra – Secrets of African Wildlife 28
Africa's Greatest Hunter – The lost writings of Frederick C Selous 32

ORGANISASIES/ORGANISASIONS 31

ADRESSE/ADDRESSES 36

Voorbladfoto/Cover photograph: Gallo Images

# SA GAME & HUNT

SA GAME & HUNT is an independent monthly publication for all who believe in the profitable, sustainable utilisation of the RSA's game and nature resources, in an orderly manner and to the benefit of the country and all its people.

Although SA GAME & HUNT is available as a mouthpiece for the organised game ranching industry and the organised hunting industry, it is editorially and financially independent.

All copyright of material appearing in SA GAME & HUNT is held by the publisher. No part of the publication may be reproduced in any way without the written permission of the publisher. Text extracts of not more than 60 words may be used without prior permission as long as the author, the magazine name and date of publication is acknowledged.

The editor reserves the right to change and/or shorten articles. The publisher accepts no responsibility for the content of advertisements. The opinions of contributors are not necessarily those of the magazine.

**EDITORIAL**
**Chief Editor and Publisher** Jan van der Walt
**Editor** Rean Steenkamp
**Co-editors** Prof Wouter van Hoven, Dr Hym Ebedes, André van Dyk

**PRODUCTION**
**DTP Design** Pictographix
**Graphic Art** Repro Wing
**Production** Mandi Repro
**Printer** Promedia

**ADVERTISING**
**Pretoria** Jan van der Walt
Tel: (012) 320 0691/5
Fax: (012) 320 5561
e-mail: janlouis@wildlifehunt.co.za
**Cape Town** Lesley MacKay
Tel: (021) 4622370
Cel: 082 891 7319
Fax: (021) 465 0065
e-mail: lesleym@iafrica.com
1 Gardenia Avenue, Duiwelspiek, 8001.

**SUBSCRIPTIONS**
Petro Nieman
Tel: (012) 320 0691
Fax: (012) 320 5561

**DISTRIBUTION**
Willie Bruwer
Republican News Agency
P O Box 15812
Doornfontein 2028
Tel: 011-776 9111
Fax: 011-404 1451

**PUBLISHER**
JLO PUBLISHING
for Jan Louis Enterprises
CC (CK/92/19549/23)
P O Box 4722 Pretoria 0001
12th Floor 1220, SAAU Building
c/o Andries & Schoeman Streets
Pretoria 0002
Tel: 012-320 0691/5
Fax: 012-320 5561
e-mail: janlouis@wildlifehunt.co.za

## Algemene Jaarvergadering 2000

Die Algemene Jaarvergadering van die Transvaal Wildvereniging word op Vrydag 18 Februarie 2000 gehou. Daar is soveel belangrike sake, soos byvoorbeeld die nuwe vuurwapenwet, die voorgestelde opleidingsheffing, arbeidswetgewing, die aanslag van die diereregte-organisasies en nog vele ander aangeleenthede, wat indringend bespreek moet word dat u dit net nie mag misloop nie. Teken dus asseblief die datum nou al in jou dagboek aan.

Die Jaarvergadering gaan weer aan 'n seminaar gekoppel word en ook aan 'n mini-wildfees! Die aand na die vergadering gaan ons sosiaal verkeer soos nog nooit tevore nie! En die volgende dag vind die veiling plaas. Dus 'n regte wildnaweek waar almal kan saamkuier en dit kan geniet.

Ons wil graag 'n beroep op al ons lede doen om hierdie vergadering by te woon. Ons bedryf staar ernstige probleme in die gesig en dit is noodsaaklik dat ons proaktief moet beplan en optree en 'n sterk gemeenskaplike front moet vorm. As ons as wildboere nie nou gaan saamstaan en saamwerk om oplossing vir die probleme te vind nie, gaan dit môre dalk te laat wees. Sterk u bedryf met u teenwoordigheid! ■

## CITES-Konvensie

Die 2-jaarlikse CITES-Konvensie vind vroeg volgende jaar in Nairobi plaas. Ons het 'n dringende versoek aan die Departement Omgewingsake en Toerisme gerig om Suid-Afrika se wildboere se unieke situasie in ag te neem by die voorbereiding van die Suid-Afrikaanse afvaardiging se beplande werkswyse en standpunt.

Die versoek sluit onder andere die volgende in:

- 'n Geslote handelstelsel vir witrenosterprodukte, bykomend tot die bestaande reëlings ten opsigte van die jag van witrenosters;
- 'n Spesiale kwota vir swartrenosters;
- 'n Nulkwota vir olifante, wat wel beperkte handel in produkte en curio's moontlik maak;
- 'n Spesiale kwota vir jagluiperds.


Baie wildboere verkeer foutiewelik onder die indruk dat CITES ook die handel van skaars en bedreigde wildsoorte beheer. Dit is egter 'n internasionale ooreenkoms tussen die regerings van lande om die internasionale handel van skaars en bedreigde spesies te reguleer. Indien jy dus 'n luiperd wat skade berokken deur 'n plaaslike jagter wil laat jag, het jy nie 'n CITES-permit nodig nie. CITES-permitte is net van toepassing indien die trofee en/of produkte uitgevoer word.

Die verskillende provinsies hanteer die sogenaamde 'skade-permitte' en permitte vir skaars en/of bedreigde spesies op verskillende maniere. Kontak dus jou plaaslike natuurbewaringsbeampte vir meer besonderhede indien jy spesies wat nie op jou vrystellingspermit aangetoon word nie, wil jag of laat jag. ■

RESENSIE – REVIEW

# Africa's Greatest Hunter – The lost writings of Frederick C Selous

Frederick C Selous (1851-1917) by Teddy Roosevelt. Selous, author of books like *A hunter's wanderings in Africa* and *Travel and adventure in South-East Africa* landed at Algoa Bay in the summer of 1871, just before his twentieth birthday, to launch his career as a professional hunter. For the next 25 years he would lead a life of romance, danger, exitement and adventure on the African veld. Such a life required a frame of steel and a heart of iron. Selous, though slenderly built, could outhunt and outtrek men that would appear much stronger. He traversed the southern part of the African continent at a time when the main ivory hunting had already been done, the elephants had receded into less accessible habitats. Still, the adventures of Selous probably were very similar to those of the other contemporary hunters and even today some of his adventures could still be emulated. What set him apart and made him so well-known, were his keen powers of observation, his diverse interests and abilities and an incomparable ability to describe his adventures both verbally and in print. Selous spent most of his years on the African continent until 1894 when he married Gladys and settled down to a somewhat more sedate life in Worplesdon. Here he installed a museum of his hunting trophies of which he was very proud. Selous joined the 25th Royal Fusiliers in 1914 and was killed in action in Tanzania in 1917. He was buried beneath a




tamarind tree, his grave marked only by a crude wooden cross and a pile of stones, in Rufiji, an area which is now part of the Selous Game Reserve.

All the above, and much more, is found in the introduction to a new book about Selous written by Dr James A Cassada. The book itself is a compendium of some lesser known articles which Selous himself wrote for various journals and magazines. In an appendix Dr Cassada identifies, for the first time, the known writings of Selous, consisting of 9 books, 25 contributions to anthologies and 86 journal articles. When I received the book, I expected to find many stories of bravery and adventures of hunting. It is surprising to note that Selous in fact wrote systematically about the habits and distribution of the animals which he encountered during his sojourns in South and East Africa. Selous lived in a time of plentiful game, "indeed, although many parts of the great African continent that once swarmed with game have now become dead and lifeless wildernesses, there are still other districts of that continent where wild animals may be seen even today in truly astonishing numbers." But he was pessimistic about the future: "Personally I think that big game is bound to disappear, or will only be allowed to exist in small numbers in protected areas." His writings and his warnings gave impetus to the start of nature conservation, and maybe his pessimism has allowed us to continue to watch elephants, rhinos and lions in their wild habitat – but once again one century later, we may ask for how long – and the answer still is an extremely pessimistic one.

Africa's Greatest Hunter: The lost writings of Frederick C Selous, edited by Dr James A Cassada. 1998, xxvi + 276 pages. Published by Safari Press Inc., P O Box 3095, Long Beach, California 90803, USA, fax 09-1-714-894 4949. Price US 35,00 (about R200) plus postage. In South Africa this and other Safari Press books (many on hunting and wildlife in general) can be ordered from Rowland Ward Publications, Ms Jane Halse, 22 Central Street, Houghton 2198, phone and fax

# Ruskampplasing

Kampplasing is die sinchronisasie van terreinaanbod, gebruikersaanvraag en beleidsaspekte. Alle moontlike kampterreine wat geïdentifiseer is, word besoek en met die gebruikersaanvraag en beleidsriglyne in gedagte geëvalueer en teen mekaar opgeweeg. Dit is belangrik om die kortlys van terreine ook in die nag te besoek, want baie gevalle het al voorgekom waar 'n kampterrein wat mooi is in die dag sy waarde in die nag verloor weens ligte vanuit die omgewing wat nie gedurende die dag waargeneem kon word nie. Daar was ook al gevalle waar mooi terreine gedurende die dag geblyk het weiplek of migrasieroetes vir nagdiere te wees.

In die praktyk is dit altyd goed om moontlike kampterreine gedurende die droogste maande van die jaar uit te soek. Dit is in hierdie tye dat die meeste plante hulle blare verloor het en wanneer alles op hul lelikste is. Enige verandering hierna kan net 'n verbetering wees – teenoor 'n terrein wat met groot verwagtings in die mooi maande uitgesoek is en met die wisseling van seisoene dalk so lelik word dat die kamp haas onaanvaarbaar raak.

Liggingsgewys is dit goed om 'n kampterrein te kies wat veilig en maklik bereik kan word, maar wat terselfdertyd gevrywaar is van steurende invloede vanaf die omliggende gebiede.

Geologies stabiele terreine is verkieslik en terreine sonder delfstowwe is altyd 'n goeie keuse.

### Klimaat

Klimaatsgewys is warm noordfrontterreine in koue streke 'n bate en nie-wesfrontterreine in warm gebiede temperatuursgewys 'n goeie keuse. Bly weg met kampe uit dreineringstrôe langs eskarpe, want dit is hier waar stormwinde kan voorkom. Vermy ook hael- en weerliggordels en terreine na aan hittebanke soos rotsmure in warm streke. Benut egter noordfrontterreine vir sonenergie en heersende windrigtings vir verkoeling waar moontlik.

### Hidrografies

Hidrografies is dit ekonomies om kampe na aan betroubare waterbronne te plaas. Maak egter seker dat rioolstelsels nie waterbronne sal besoedel nie.

Geomorfologies is dit veilig om weg te bly van kransrante, rante waar rotsstortings voorkom, aktiewe gedeeltes van alluviale afsettings, erosiesones langs waterbane en ander aktiewe en potensieel aktiewe erosiegebiede.

Topografies is platter terreine stabieler as hellings om op te bou en is insnydingsterreine beter as terreine wat opgevul is.

Grondkundig is rots veiliger vir bouwerk, maar duur om te ontwikkel. Leemgrond is aanvaarbaar vir bouwerk en tuinbou, sand is problematies en klei onaanvaarbaar.

### Plantkundig

Plantkundig is terreine met groot bome baie gewild, maar speel op sulke terreine maar gerus duiwelsadvokaat en probeer vasstel waarom 'n spesifieke terrein se bome so groot is en of die aanleidende faktore goed sal wees vir 'n kamp. Lê dit byvoorbeeld nie op 'n terrein met 'n vlak watertafel wat periodiek sal oorstroom nie? Is dit nie op die buitedraai van 'n rivier nie of op 'n alluviale waaier onder 'n nou kloof nie of om 'n fontein nie? Probeer in alle gevalle met geboue bo die langtermynvloedlyne bly. Bou droog en kyk uit oor die mooi plekke. Moet egter nooit 'n topografies mooi terrein met min bestaande groot bome afskryf nie. In warm dele kan mooi bome binne vyf jaar na aanplanting reeds gevestig wees. 'n Mens kan nie ekonomies berge versit nie, maar 'n mens kan met 'n bietjie tyd en relatief min geld pragtige plante vestig.

Dierehabitats kan in 'n mate geskep word, maar beraam vir 'n tydverloop voordat wild vanself daarheen sal kom.

Infrastruktuur is altyd duur om aan te lê en daar moet voorkeur verleen word aan terreine waar paaie, water en krag naby is. Onthou egter dat 'n kamp se koste na konstruksie voortgaan in terme van tyd en bedryf.

### Kwalitatiewe bates

Kwalitatiewe bates op makroskaal kan selde geskep word. Daarom is dit belangrik om mooi vergesigte, stil omgewings en gebiede met skoon lug en goeie water te alle tye hoog aan te slaan. Hou egter in gedagte dat dit moontlik is om kwalitatiewe bates op mikroskaal te skep, maar gebruik dit aanvullend tot die makrobates en onthou – dit gaan tyd, geld en volgehoue goeie bestuur noodsaak.

As u 'n kampterrein gekies het, moet u bereid wees om met sy voor- en nadele saam te leef – anders gaan dinge lol. Geniet die plasing, want dit laat ruimte vir keuses en uitdagings!

**Volgende keer iets meer oor kampuitleg.**

**Vir meer inligting of hulp bel gerus vir Dr Daan Conroy by telefoon (012) 8080907.**

EKOFOCUS
GAME RANCH SERVICES
WILDPLAASDIENSTE
**Optimize the use of your veld!**
**Make use of our professional ecological surveys and monitoring to determine:**
- veld condition
- grazing capacity
- suitable game species
- complete veld and game management program
- mapping for ecotourism

***FOR BEST RESULTS, CONTACT GERT OR NANETTE AT***
**082 - 460 6775**

## Anna Merz: Rhino – at the brink of extinction

Now available. Anna Merz, founder of the Lewa Downs Rhino Sanctuary in Kenya, tells about her experiences with rhinos in the African bush, complete with a diary of the life of Samia, a black rhinoceros which she raised until the animal gave birth, up to the tragic death of mother and calf after fighting with a male.

**Rhino – at the brink of extinction**, published September 1999, softcover, 233 pages, with colour and black and white illustrations. Price: R150 including postage/packing in South Africa. Order from Longhorn Publishers, P O Box 124, North Riding, 2162. Fax (011) 453 7649.

